| | |
|---|---|
| *VERSLAGWAARDIG* | *JA/NEE* |
| *SIRKULEER ONDER REGTERS* | *JA/NEE* |
| *SIRKULEER ONDER LANDDROSTE* | *JA/NEE* |

# IN DIE HOOGGEREGSHOF VAN SUID-AFRIKA (NOORD-KAAPSE AFDELING)

***KIMBERLEY***
***SAAK NO.: CA&R 111/2004***
***DATUM: 10/12/2004***

In die appél van:

**TSHEPO HOTTIE** **APPELLANT**

teen

**DIE STAAT** **RESPONDENT**

**CORAM: LACOCK R et WILLIAMS R**

# *UITSPRAAK*

**WILLIAMS R:**

Die appellant is op 7 Augustus 2002 in die streekhof te Kimberley skuldig bevind op ‘n aanklag van moord en is gevonnis tot vyftien (15) jaar gevangenisstraf.

Hy kom nou in hoër beroep teen beide die skuldigbevinding en vonnis hom opgelê.

Die appellant wat regsverteenwoordig was het in die verhoorhof onskuldig gepleit tot die aanklag en ‘n verweer van noodweer geopper.

Die staatsaak is hoofsaaklik vervat in die getuienis van ene Mnr. Piet Muishond. Die getuie was die betrokke dag, 14 September 2001, by ‘n taverne waar die oorledene en ‘n vriend gesit en drink het. Op ‘n stadium het die appellant en drie vriende by die taverne opgedaag. Die appellant en een van sy vriende het in die rigting van die oorledene gestap, ’n mes uit sy sak gehaal, die oorledene teen die muur gestoot, en hom een hou op die bors gesteek. Volgens Muishond het die oorledene toe ‘n leë bierbottel opgetel en daarmee gemik na die appellant om hom ‘n geleentheid te gee om uit te hardloop. Die oorledene het toe oor die tafel gespring en na buite gehardloop waar hy beswyk het. Die appellant en sy vriende is toe agter die oorledene aan. Muishond het self ook gaan kyk wat buite aangaan en het die oorledene by die hek van die taverne sien lê. Twee van die appellant se vriende het die oorledene opgetel en in die taverne ingedra.

Die enigste ander getuie wat ‘n bydrae kon lewer tot die staatsaak is Me. Ellen Skonta. Sy getuig dat sy die appellant en drie of vier van

sy vriende die betrokke middag in die straat naby die taverne raakgeloop het. Die appellant het haar getrek en omhels. Toe sy haar losruk van hom het die appellant aan haar gesê dat hy so pas iemand doodgemaak het en vir haar ook sou steek.

Die appellant se weergawe aan die anderkant is dat hy slegs met een vriend, Orapeleng Tsamaise, na die taverne gegaan het. By die hek van die taverne het hy 'n dame ontmoet met wie hy gesels het terwyl Tsamaise die taverne ingegaan het. Toe hy self na 'n ruk die taverne binnegaan het hy gesien dat Tsamaise en die oorledene baklei. Hy het toe tussenbeide getree, die bakleiery gekeer en vir Tsamaise gevra om uit te gaan. Toe die appellant vir die oorledene sê dat alles nou reg is, het die oorledene hom aan die nek gegryp teen die muur gestoot en met hom baklei. Die oorledene het 'n leë bierbottel geneem en hom teen die linkerwang daarmee geslaan. Toe die oorledene weer 'n keer na hom slaan het hy gekoes en is die bottel stukkend geslaan teen die muur. Toe die oorledene hom met die bottelkop nader, het hy sy mes uitgehaal en die oorledene gesteek. Volgens hom was daar geen ander manier om die dreigende aanval te ontkom nie, aangesien die oorledene tussen hom en die deur van die taverne gestaan het. In elk geval, nadat die appellant die oorledene gesteek het, het die oorledene omgedraai en die taverne verlaat. Die appellant het toe vir Tsamaise buitekant gekry en hulle is toe daarvandaan na 'n ander taverne. Die appellant ontken dat hy vir Skonta ken, of dat hy haar raakgeloop het en gespog het dat hy

iemand doodgemaak het. Volgens hom het die oorledene nog gelewe die tyd toe hy die taverne verlaat het.

Die appellant se vriend, Tsamaise, het ook vir die verdediging getuig. Sy getuienis staaf in sekere opsigte dit van die appellant en in ander opsigte is dit heel teenstrydig daarmee. So getuig hy dat dit slegs hy en die appellant is wat die dag na die taverne gegaan het en dat hy

voor die appellant die taverne binne gegaan het, aangesien die appellant buitekant gesels het met 'n damespersoon. Hy ontken egter dat hy en die oorledene binne in die taverne handgemeen geraak het. Sy getuienis is dat daar 'n woordverwisseling tussen hom en die oorledene plaasgevind het nadat hy by die oorledene geld gevra het. Die appellant het op daardie stadium ingekom, die stryery gekeer en vir Tsamaise gesê om uit te gaan. Hy het vir omtrent tien minute buitekant gestaan toe die appellant by hom aansluit en die twee van hulle na 'n ander taverne geloop het.

Volgens hierdie getuie het hy nie die voorval tussen die appellant en die oorledene gesien nie en het die appellant hom ook nie daarvan vertel nie.

Wat eerste opval met die evaluering van die getuienis is die heeltemal verskillende beskrywings wat die appellant en Tsamaise

gee oor laasgenoemde se onderonsie met die oorledene. Appellant het in detail getuig van ‘n stoeiery en trekkery tussen Tsamaise en die oorledene wat hy gekeer het. Onder kruisondervraging getuig die appellant ook dat Tsamaise hom agterna meegedeel het dat die oorledene hom met gebalde vuiste op die maag, bors en gesig geslaan het. Tsamaise ontken dit ten sterkste want volgens hom het hy en die oorledene slegs gestry.

Wat verder uiters vreemd opval omtrent die appellant se weergawe, is dat hy nie vir sy vriend Tsamaise vertel het van die voorval tussen hom en die oorledene nie, en net bloot met hom gestap het na ‘n

ander taverne sonder om ‘n woord te rep oor die pas afgelope gebeure.

So ook die appellant se weergawe dat die oorledene hom met ‘n leë bierbottel op die wang geslaan het, maar hy geen beserings opgedoen het nie.

Verder is die appellant se weergawe dat hy nie vir Skonta ken nie, en haar nooit die betrokke dag gesien het nie, ook nie aan Skonta gestel nie. Hierteenoor word Skonta se getuienis tot ‘n mate gestaaf deur Tsamaise wat getuig het dat hy en die appellant wel, later die betrokke dag, twee vroue raakgeloop het en dat daar ‘n gestry was tussen een van die vroue en die appellant.

Die verhoorhof het vir Muishond, wat ‘n enkelgetuie was ten opsigte van die voorval, as eerlik en geloofwaardig ervaar. Die betroubaarheidswaarborge vir Muishond se getuienis lê in die feit dat hy ‘n onafhanklike getuie is. Alhoewel Muishond vir beide die appellant en oorledene geken het, het hy die betrokke dag nie met van van die twee assosieer nie en soos die Landdros meld was hy bloot ‘n toeskouer tot die insident, wat geen rede gehad het om die appellant valslik te impliseer nie.

Muishond se getuienis word ook gestaaf deur Skonta wat ook die appellant die betrokkke dag met drie vriende gesien het. So ook is daar stawing vir Muishond se weergawe dat die appellant wel vir die oorledene gesien het na hy beswyk het, in Skonta se getuienis dat die appellant vir haar gesê het dat hy so pas iemand doodgesteek het.

Die verhoorlanddros het na my mening tereg die appellant en Tsamaise se weergawes as leuenagtig en onwaarskynlik verwerp. Alles in aggenome is ek tevrede dat die staatsaak bo redelike twyfel bewys is en dat die appellant se weergawe dat hy in noodweer opgetree het nie redelike moontlik waar is nie.

Die appellant appelleer ook teen die vonnis hom opgelê. Dit is geykte reg dat die oplegging van vonnis ‘n diskresie is wat deur die verhoorhof uitgeoefen word. ‘n Hof van appél sal nie maklik inmeng met vonnis nie, maar slegs as daar ‘n mistasting was aan die kant

van die verhoorhof of waar hy homself wanvoorgelig het of daar ‘n onreëlmatigheid was of waar die vonnis buitensporig swaar of skokkend onvanpas is.

In die huidige geval resorteer hierdie misdryf onder Deel II van Bylae 2 van Wet 105 van 1997 en is die voorgeskrewe vonnis een van vyftien (15) jaar gevangenisstraf tensy daar dwingende en wesenlike omstandighede bestaan wat ‘n mindere vonnis regverdig.

Die appellant is 20 jaar oud en het tot st. 9 gevorder op skool. Hy was ook werkloos. Alhoewel die appellant ‘n eerste oortreder was ten opsigte van moord het hy reeds een geweldsmisdryf op sy kerfstok. Gedurende 1998 het hy ‘n opgeskorte vonnis gekry vir aanranding met die opset om ernstig te beseer. Die huidige misdryf is gepleeg terwyl die opskortingsvoorwaardes nog van toepassing was.

Die enigste faktore wat in die guns van die appellant tel is die feit dat hy ‘n jong man is wat klaarblyklik ook intelligent is. Na my mening kan hierdie faktore alleen nie dwingende en wesenlike omstandighede daarstel nie. Sien **S v Malgas 2001(1) SACR 469 te 481h-482f.**

Daar bestaan dus geen rede om met die opgelegde vonnis in te meng nie.

Ek sou dus die volgende bevel maak.

1.) Die appél teen die skuldigbevinding en vonnis word van die hand gewys.

2.) Die skuldigbevinding en vonnis word bekragtig.

__________________________

C. C. WILLIAMS
**REGTER**

Ek stem saam, en dit word so gelas.

__________________________

H. J. LACOCK
**REGTER**

| | |
|---|---|
| **Nms. Appellant:** | **Mnr. B. Titus** |
| **Nms. Respondent:** | **Adv. R. Calitz** |
| **Datum aangehoor:** | **13/09/2004** |